

Skriflesing: Numeri 20:1-13, 1 Korintiërs 10:1-5

Teks: **Numeri 20:7-11**

Sing- Ps. 84:1,3; Ps. 36:2; Ps42:1,4; Ps. 107:1,2

Numeri 20:1-13

Num 20:1 En toe die kinders van Israel, die hele vergadering, in die woestyn Sin kom, in die eerste maand, het die volk in Kades gebly. En Mirjam het daar gesterwe en is daar begrawe.

Num 20:2 En daar was geen water vir die vergadering nie. Toe het hulle teen Moses en Aäron saamgekom.

Num 20:3 En die volk het met Moses getwis, en hulle het gespreek en gesê: Ag, het ons tog maar gesterwe toe ons broers voor die aangesig van die HERE gesterf het!

Num 20:4 En waarom het julle die vergadering van die HERE in hierdie woestyn gebring, dat ons en ons vee daar sou sterwe?

Num 20:5 En waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om ons in hierdie slegte plek te bring? Dit is geen plek van graan of van vye of van wingerdstokke of van granate nie; ook is daar geen water om te drink nie.

Num 20:6 Daarop gaan Moses en Aäron van die vergadering af weg na die ingang van die tent van samekoms, en hulle het op hul aangesig geval; toe verskyn die heerlijkheid van die HERE aan hulle.

Num 20:7 En die HERE het met Moses gespreek en gesê:

Num 20:8 Neem die staf en laat die vergadering byeenkom, jy en jou broer Aäron, en spreek julle die rots aan voor hulle oë; dan sal hy sy water gee. So moet jy dan vir hulle water uit die rots laat vloei en die vergadering en hulle vee laat drink.

Num 20:9 Toe neem Moses die staf voor die aangesig van die HERE weg soos Hy hom beveel het.

Num 20:10 En Moses en Aäron het die vergadering voor die rots laat byeenkom, en hy het vir hulle gesê: Hoor tog, julle wederstrewiges, moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei?

Num 20:11 Daarop tel Moses sy hand op en hy slaan die rots twee maal met sy staf; en daar het baie water uitgekom, sodat die vergadering gedrink het en hulle vee.

Num 20:12 Toe sê die HERE vir Moses en Aäron: Omdat julle in My nie geglo het om My voor die oë van die kinders van Israel te heilig nie, daarom sal julle hierdie vergadering nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie.

Num 20:13 Dit is die waters van Mériba waar die kinders van Israel met die HERE getwis het en Hy Hom onder hulle as die Heilige laat ken het.

1 Korintiërs 10:1-15

1Co 10:1 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het,

1Co 10:2 en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see,

1Co 10:3 en almal dieselfde geestelike spys geëet het,

1Co 10:4 en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

1Co 10:5 Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn.

Skriflesing: Numeri 20:1-13, 1 Korintiërs 10:1-5

Teks: **Numeri 20:7-11**

Sing- Ps. 84:1,3; Ps. 36:2; Ps42:1,4; Ps. 107:1,2

Broeder en suster, 'n baie belangrike vraag in ons tyd en ook as kerk van die Here in die omstandighede waarin ons verkeer, is sekerlik die vraag na hóé luister ek?! U weet hierdie vraag is seker van die mees belangrike vrae wat 'n kind van die Here hom/haarself moet

afvra. Hoe luister ek?! Luister ek as kind van die Here met 'n kinderlike opregte, wel deurdagte ingesteldheid deur my ore daarop in te stel dat ek werklik wil hoor wat die Here vir my sê, of luister ek maar met my eie idees dat ek is in alle geval reg, niemand moet vir my kom sê dat dit wat ek nou doen, of dit wat my gesindheid hier openbaar, is verkeerd nie. Daardie houding van ek sál daarna nie luister nie! Waar gaan só 'n houding 'n mens bring?! Ons moet elke oomblik van elke dag ingestel wees om wat die Here nou - op hierdie oomblik- vir my sê, te wil hoor, want besef ons dat ons lewe hang daarvan af!

Geliefdes ons het God se Woord in Numeri 20 gelees. Dit is in 'n sekere sin 'n hartseer hoofstuk, dit kan ook op 'n manier as "hard" gesien word, in dit wat hier gebeur en hier gesê word. Die hoofstuk begin met die persoonlike hartseer, die persoonlike mededeling van mense het hulle suster moes begrawe. Aaron en Moses se suster, Mirjam is dood. Daardie meisie wat Moses as babatjie nog daar in die Nyl in sy rietmandjie op 'n afstand moes dophou, toe hulle ma vir Moses daar in die riete weggesteek het en hierdie Mirjam maar gekyk het hoe dit met haar boetie daar gaan. Daardie verhaal ken ons. Die meisie wat 'n vrou geword het. Die laaste wat Mirjam in Numeri op die toneel was, was hfst. 12. Daar was sy saam met haar broer Aaron in opstand oor Moses se leierskap en sy gesag. Daar was 'n soort van jaloerse uitdaging teenoor die gesag van Moses. Mirjam is daar gestraf met melaatsheid en is deur bemiddeling van Moses genees. Nou, 8 hoofstukke verder, sy is dood, sy is begrawe, baie van hierdie rou hartseer wat nog aan God se kinders kom sit, maar staan hulle al weer direk voor die volgende uitdaging.

Dit is so asof die volk nie respek het en respek kry vir wat Moses tot nou toe vir hulle beteken het nie. Hulle wat nog oor hulle suster moet rou, hoor al weer die volk kla! Dit vorm byna 'n relaas van mense wat verwyte en voorgee dat in Egipte was dit soveel beter.

Dit kom al 'n lang pad...Hfst. 11 waar hulle vertel hoe moeg is hulle nou al vir die manna wat hulle moet eet, daarna word Moses in sy gesag uitgedaag (hfst. 12). Weer in hfst. 13- as die bespieders die land Kanaän deurgaen, dan is daar weer ongehoorsaamheid. Die volk luister na die meerderheid van die spioene wat sê, ons sal die land deur die Here aan ons belowe nooit kan intrek nie. Hfst.14 weer wil hulle 'n nuwe leier kies. Dan stuur God hulle letterlik die woestyn terug waar hulle almal die dood sal sien. Behalwe dié wat geglo het Kanaän is deel van God se belofte. In hfst. 16 is dit weer drie manne, Korag, Datan en Abiram en 250 ander wat Moses in sy leierskap uitdaag, God laat die aarde onder die manne oopskeur, die

grond sluk hulle in. Dan word Moses hulle verder verkwalik dat hulle is die oorsaak van die mense se dood. Weer stuur die Here 'n plaag.

Gemeente- u sien sekerlik iets van 'n duidelike patroon. Dit is asof die volk wat elke keer kla werklik verkeerd is, met onregverdige kritiek, God wat in sy toorn en geregtigheid reageer, dan kom wat soos klokslag volg. Hulle sal gestraf word. Dit gebeur hoofstuk na hoofstuk.

In hfst. 20 gebeur dinge anders. Weer kom die volk in opstand. Hulle kom in opstand oor daar waar hulle is, is daar nie water nie.. Die ander klagtes, eentonige kos, my begeerte na mag, my selfhandhawing, kleingeloof, ek moet myself kan beskerm, dit wat in die vorige hoofstukke gebeur slaan onregverdig deur, maar die Here se genade slaan oneindig groot. Vir 'n oomblik kan ons besef maar hier het die volk reg. Moses besef jy dit?! Al begin hulle weer heel negatief deur voor te gee dat dit beter sou wees as ons eerder dood was, of na Egipte kon terugkeer i.p.v. hierdie verskriklike woestyn waar ons nou is.

Nou wat ons weet dat hierdie volk en hulle swaarkry in die woestyn kom 'n lang pad. Moses doen maar weer soos die vorige kere Om voor die tent van ontmoeting te gaan staan, met hulle gesigte op die grond om dan eintlik maar die oordeel van die Here te hoor as God sy geregverdigde straf gaan aankondig en so word sy heerlikheid geopenbaar. Dit is asof dit alles al te wagte kon wees, maar dadelik is hier iets anders. As God verskyn dan is God simpatiek. God kondig geen straf oor die volk se verskriklike geklag wat nou weereens so uitgebreid almal insluit nie, nee God gaan hulle wil help. Moses moes net mooi luister- *8 Neem die staf en laat die vergadering byeenkom, jy en jou broer Aäron, en spreek julle die rots aan voor hulle oë; dan sal hy sy water gee. So moet jy dan vir hulle water uit die rots laat vloei en die vergadering en hulle vee laat drink.*

Moses moet net luister, want in mooi luister is die lewe in opgesluit. Onthou dit wat hierdie preek in wese wil onderstreep- is ons bereid om mooi te luister, of is ons geneig om te dink ons weet wat God vir ons sê, dit word vir ons so iets van 'n alledaagse, ek kan maar voorgee ek luister maar in werklikheid dink ek, ek weet klaar wat die Here vir my gaan sê. Ek weet klaar wat geskryf staan, ek hoef nie werklik weer mooi hierna te luister nie. Dit is hoekom ons ook altyd mooi moet luister, die gesag van God se Woord, Art 7 Nederlandse Geloofsbelydenis waarna ons verlede Sondag gekyk het, vra werklik ook na geopende ore...

Die mooi luister begin eintlik al by Meriba in Eksodus 17, 40 jaar vantevore. 'n Soortgelyke verhaal waar die volk dors en opstandig gevra het na water. Moses en Aaron het toe wel water kon gee deur daar 'n rots te slaan. *6 Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel...* Baie duidelik was God se opdrag tóé, slaan die rots, dit gee water, dit het water tot versadiging laat uitloop, want het Moses met die staf waarmee die Nyl oopgekloof was, met dieselfde staf die rots kon slaan en dit gee water.

Nou is ons lankal nie meer by Eksodus 17 nie, maar wel by Numeri 20. Baie jare (40 jare) het weer verloop. Vir Moses, die man van God moet ons in alle opsigte net kan respekteer. Hoe het hy deur al die aanvegtinge deurgegaan, staande gebly, dit is asof elkeen van ons dit saam kon voeg en sê ek sou nie kon verdra dit wat hy alles moes verdra nie. Hy is by die punt gebring waar hy met reg sou kon sê ek kan hierdie volk en hulle se alewige gekla nie meer vat nie. Ek is moeg vir hulle ek is klaar met hulle... hulle moet nou maar sien en kom reg. Laat hulle maar op hulle eie aankarring, ek gaan nie meer met hulle saam nie. Al sulke gedagtes en geworstel sou Moses kon hê, wat hy wel met tye gehad het.

Weer kom die uitdaging om mooi te luister wat die Here sê, want wat die Here nou gaan sê verskil in wat die Here die vorige keer vir Moses gesê het. Dit onderstreep die belang van luister en fyn luister, want my lewe kan daarvan afhang. Dit lê in wat God in Num. 20:8 sê in vergelyking met wat die Here vroeër Eks.17:6 gesê het. Duidelik wil die Here gehad het dat Moses nie weer die rots mag slaan, soos wat dit die vorige keer se opdrag was nie, maar daar moet met die rots gepraat word. Die verskil lê tussen slaan of praat wat ons mooi na moet kyk. Fyn moet daar geluister word.

Al twee die kere staan natuurlik in verband met die rots. Die rots wat inderdaad nie maar net wys op 'n gewone harde kliprots nie, maar die Rots om wie dit gaan is Jesus Christus. Dit is in alle opsigte 'n geestelike Rots wat in werklikheid dwarsdeur die woestyn saam met die volk gegaan het. Al het Hy nie elke dag as rots sigbaar tussen hulle rondbeweeg nie, was Hy die onsigbare, die geestelike Rots op Wie alles rus. So ook die wolk wat bedags sy heerlijkheid as skaduwee oor God se kinders uitsprei, die vuurpilaar, die vuurkolom wat by nag die draer is van die dieselfde heerlijkheid waarby nie net liggaam maar harte verhit kon word, in dit alles is Jesus Christus aan die werk. Ja, weereens die Rots, op Wie daar gebou kan word, al is hulle in die verse woestyn aan die rondswerwe. Hy is daar as die

woestynwinde huilend waai. In die felle hitte van die son, in die koudste dele van die woestyn nagte. Hier moet ons mooi oplet dat elke keer as daar uit die Rots water kon kom was dit inderdaad water wat uit Christus na hulle gevloei het. Hy is daar as die lewegewende water. Christus die ewige Seun van God was met hulle, ja die water wat uit die Rots kom is die Heilige Gees wat verkwik, wat voed, wat versterk. God is in sy Drie-Eenheid met hulle oppad, die Immanuel – God met ons!

Op hierdie dag, weer vóór die Rots, weer voor Jesus Christus met die heilige van God toegerus. Selfs die staf in die hande is Aaron se staf, die staf wat op 'n keer 'n draer van blomme was, inderdaad 'n lewende staf, die staf wat praat oor Aaron se priesterskap, die staf wat profeties heenwys na hoe God 'n pad kan oopmaak, op die water, maar ook hoe God die pad vir die komende Christus oopmaak. Die staf is vol betekenis, maar nou kom die verskriklikste moment, die grootste tragedie wat daar vir Moses in sy lewe seker ooit was, as dit bewys word hy het nie geluister nie, hy het nie fyn geluister nie. Sy ore was nie by God nie, hy was verkeerd ingestel toe God hierdie keer met hom gepraat het. Nie was sy volk nou in alles verkeerd nie, nee hy wat die voorbeeld moes wees, hy is die verkeerde.

God wil dat daar net met die Rots gepraat moes word. Geen geslanery weer nie, want in die praat van God, in die Woord van God, in wat sy stem is, daarin lê die ware lewe, dit is sy Woord wat skeppingsmagtig is, dit is God in sy Woord en niemand anders nie! Hy het net nodig om te praat dan sal daardie rots die water laat uitstroom... maar Moses val terug op sy eie idee, op 'n vroeëre bevel, op wat hy maar aanvaar het vir God weer reg sal wees. Ja, dit is seker moontlik dat Moses by die stem van God wou byvoeg, want kragdadig, in woede en frustrasie slaan hy daardie rots. Ek sal vir julle water gee, ek sal dit doen!

Broeder en suster, so begin die eerste water daar wel uit te drup, dit word 'n stroom, mens en dier kan drink, want al gee God sy genade wel in wat Moses verkeerd gedoen het, mag geen mens God in sy eer krenk nie, ook nie Moses nie. Wanneer daar nie maar net op die Woord van God vertrou word nie, wat is daar dan om op te vertrou?! Dit is 'n vraag wat ons onself baie ernstig moet afvra. Wat is daar vir ons meer en belangriker en gewigtiger, as om God in sy Woord te vertrou, Hom in sy Woord te hoor, volgens sy Woord te handel. Niks kan belangriker wees nie, al het ek Aaron se lewende staf en kan ek met kragdadige hou hierdie rots wil slaan, met wat ek kan doen, dan is dit so goed – ek sê dit met respek- ons wil God op

die mond slaan, want ek het iets om vir hierdie volk te wys. Meer imponerend is die slaan-aksie as die sagte stem wat maar net kan praat.

Geliefdes, dit is die punt wat ons moet raakhoor en moet raakvat. Ná God moet daar geluister word. Ook in ons tyd moet ons sy Woord ken om sy nuutste in Christus te ken. Daar kan nie 'n beroep op ou dinge wees, terwyl die nuwe in Christus reeds by ons is nie. Die nuwe wyn moet in nuwe sakke kom, die nuwe lap kan nie op die ou klere deug nie, dit kan mens duur te staan kom. Hierdie eenmalige oortreding het Moses se lewe ingekort en sy straf sou wees, jy en jou broer wat so uithaler julle pak op die rots uitgepak het, julle sal die beloofde land nie intrek nie. Die grens van die dood sal julle vóór die grens na die beloofde land moet oorsteek.

Dit waarna hy en Aaron vir baie lank sekerlik na kon uitsien sal hulle nie gegee word nie en dit oor hierdie oortreding. Geliefdes, net hierdie een oortreding, Moses wat eintlik in alles die leier, die voorbeeld, waarlik die Godman was, tog die één tree wat mens party keer oortree, watter geweldige val kan net een verkeerde tree ook in 'n mens se lewe wees. Naby 'n afgrond kan met een tree 'n groot verskil kom, as argumentsonthalwe die baie verkeerde treë op 'n gelykpad. Hoe dikwels oortree ons nie?! Ons moet ekstra versigtig wees wanneer ons naby die rante van die lewe loop, daar waar die rotse glad en die hoogtes skerp is, wees ekstra versigtig, want in die kerk, in die lewe van nou het ons eintlik nie gelykpaai nie, ons het eintlik net bergpaai.

Wanneer die lewende water wat God deur sy Woord en Gees ook na ons laat vloei, dit verkwik ons, dit versterk ons, dit wat Jesus na ons laat vloei, u moet reg daarmee werk. Anders kan dinge baie verkeerd loop. Luister mooi en luister fyn want dit is nie te sê ek weet mos outomaties wat die Here sê nie, want Hy het dit mos reeds gesê. Dit kan baie gevaarlik wees om dit voor te gee, nog gevaarliker sou ek dit só uitleef.

AMEN